

PELSE „CANADIAN FURS"

# DIE BURGER

KAAPSTAD, DINSDAG, 8 JULIE 1969. VIER-EN-VYFTIGSTE JAARGANG. PRYS VYF SENT

LAASTE UITGAWE

TRAKASMA VERLIG ASMA ONMIDDELLIK

## S.A. SKIP HELP NOG 7 DAE IN SOEKTOG

### Tristan se Honde van Vandag op Gough

Deur Ons Skeepsverslaggewer

DIE Suid-Afrikaanse helikopterdraer Simon van der Stel sal nog 'n week tot 14 Julie, by die eiland Gough bly om met die soektog na die twee vermiste weerkundiges te help. Hierdie besluit is gister geneem nadat vise-adml. H. H. Biermann en senior Vlootoffisiere daaroor beraadslaag het.

'n Senior radiotegnikus van die Simon van der Stel, adjt.-offisier F. K. Dobson, het aangebied om op die eiland te bly nadat die skip vertrek het om die radio te beman en die weerstoestande te verstrek.

Van die intelligentste honde ter wêreld, Skotse

### Van die Beste Wat 'n Man Kan Kry

HIERDIE drie Kaapstadse sekretaresses het gister tyd gevind om te glimlag toe Die Burger hulle in hul werkstyd afgeneem het. Volgens hul base: sakemanne in Kaapstad, is hulle en talle ander Suid-Afrikaanse sekretaresses van die beste wat 'n man kan kry. Links is mev. Serena Cox, sekretaresse by 'n Suid-Afrikaanse beleggingsmaatskappy, in die middel

# 50 jaar gelede | 8 Julie 1969

**Honde ingeroep:** Die Suid-Afrikaanse helikopterdraer Simon van der Stel sal nog 'n week, tot 17 Julie, op die eiland Gough bly om met die soektog na twee weerkundiges te help. Van die intelligentste honde ter wêreld, Skotse herdershonde wat aan die bewoners van Tristan da Cunha behoort, sal ook van vandag af saam met hul base aan die soektog deelneem.

**Skeuring in Israel?:** Mev. Golda Meir, eerste minister van Israel, het gisteraand woedend uitgestap uit 'n vergadering van ondersteuners van genl. Moshe Dayan, minister van verdediging. Mev. Meir het 'n beroep op die vergadering gedoen om nie die regerende party te verdeel op 'n tydstip wat Israel voor ernstige veiligheidsprobleme staan nie. "'n Skeuring sou rampspoedig wees vir die volk," het sy gesê. Die 71-jarige mev. Meir is gehekel terwyl sy die groot vergadering in die Tel Aviv-teater toegespreek het.

**Bang vir kieme:** Pres. Richard Nixon het besluit om nie meer saam met drie ruimtemanne van Apollo 11 op die vooraand van hul maanvlug te eet nie. Kommer is uitgespreek dat hy kieme sal oordra. Dit sou die lansering kon vertraag. Neil Armstrong en Edwin Aldrin het die heel dag geoefen hoe om van die maanoppervlak op te styg en dan saam met Michael Collins in die Apollo-beheertoring om die maan te wentel. Hulle het saamgeoefen daaraan om die ruimtetuig weer uit sy baan om die maan te kry en die reis na die aarde te begin.

**Drank vloei:** "Ek is ontsteld oor die manier waarop Bantoes in blanke drank verdrink word," het maj. A.Z. Berman, voorsitter van die Kaapse stadsraad se gesondheids-en behuisingskomitee en self die eienaar van 'n drankwinkel in Mowbray, gister gesê. Waar hulle byna R¼ miljoen kry om daaraan te bestee, weet hy nie. Maj. Berman het gesê dat die Kaapse stadsraad binne vyf weke altesame R237 000 se wyn en ander sterk drank aan Bantoes in die dorpe Langa en Guguletu verkoop het. Dit is afgesien van tradisionele Bantoebier.